

## Weskaap Uithourit Veearts verslag 2019

Die 2018-2019 seisoen was 'n uitstekende uithourit seisoen op die veearts kant van die sport.

Geen groot of dramatiese gebeure kan aangemeld word nie.

Ek het wel bietjie statistiek gaan saamstel van al die ritte in die unie vanaf Goudini rit 2018 en tot voor Goudini rit 2019.

### **DEELNAME MEI 2018 tot APRIL 2019**

|                       |             | 30   | 40    | 60   | 80    | 120  | 160  |       |
|-----------------------|-------------|------|-------|------|-------|------|------|-------|
|                       | 100.0%      | 1.2% | 27.4% | 5.4% | 55.9% | 8.0% | 2.2% |       |
| <b>TOTAAL</b>         | <b>1203</b> | 14   | 330   | 65   | 672   | 96   | 26   |       |
| 30 EN 40              | 273         | 13   | 260   |      |       |      |      | 22.7% |
| DAGRUITERS            | 57          | 1    | 56    |      |       |      |      | 4.7%  |
| TRAPLERE              | 378         |      | 14    | 59   | 304   | 1    |      | 31.4% |
| KINDERS               | 16          |      |       |      | 12    | 4    |      | 1.3%  |
| YR                    | 53          |      |       |      | 42    | 9    | 2    | 4.4%  |
| LW                    | 151         |      |       | 3    | 121   | 25   | 2    | 12.6% |
| SW                    | 213         |      |       | 1    | 138   | 52   | 22   | 17.7% |
| HW                    | 62          |      |       | 2    | 55    | 5    |      | 5.2%  |
|                       |             |      |       |      |       |      |      |       |
| 80-160<br>KOMPETEREND | 489         |      |       |      | 368   | 95   | 26   | 40.6% |

Uit bogenoemde kan ons sien dat slegs 40,6% van ruiters kompetierend deelneem op die dag.

Traplere oor die algemeen die gewildste inskrywing is.

Die gewildste afstand van deelname is die 80km.

Die dagruiters is al net soveel soos die YR en die HW.

Slegs 2.2% deelname aan die 160km.

Wat egter meer belangrik is, is om na die uitval persentasie en redes te gaan kyk.

**FAILED to Complete**

|               |     | 30    | 40   | 60    | 80    | 120   | 160   | 144.9% |
|---------------|-----|-------|------|-------|-------|-------|-------|--------|
|               |     | 21.4% | 8.2% | 16.9% | 15.3% | 21.9% | 38.5% |        |
| <b>TOTAAL</b> | 175 | 3     | 27   | 11    | 103   | 21    | 10    | 14.5%  |
| 30 EN 40      | 27  | 3     | 24   |       |       |       |       | 9.9%   |
| DR            | 3   |       | 3    |       |       |       |       | 5.3%   |
| TR            | 43  |       |      | 11    | 32    |       |       | 11.4%  |
| CHILD         | 3   |       |      |       | 2     | 1     |       | 18.8%  |
| YR            | 12  |       |      |       | 11    | 1     |       | 22.6%  |
| LW            | 35  |       |      |       | 26    | 9     |       | 23.2%  |
| SW            | 39  |       |      |       | 20    | 9     | 10    | 18.3%  |
| HW            | 13  |       |      |       | 12    | 1     |       | 21.0%  |
| KOMP 80-160   | 102 |       |      |       | 71    | 21    | 10    | 20.9%  |

**FTC OPSOMMING**

|              |     |       |
|--------------|-----|-------|
| TOTAAL       | 175 |       |
| MANK         | 112 | 64.0% |
| METABOLIES   | 30  | 17.1% |
| R CHOICE     | 25  | 14.3% |
| Novice SPOED | 3   | 1.7%  |
| WONDE        | 2   | 1.1%  |
| NC LOOP      | 2   | 1.1%  |
| KIND         | 1   | 0.6%  |

Dit is verblydend om te sien dat die uitval persentasie van alle deelnemers in die Weskaap slegs 14.5% is.

Dit vergeleke met groot nationale ritte wat bykans altyd ongeveer 50% is.

Daar is en was altyd 'n mening dat die sport nie vir swaar gewig ruiters is nie, aangesien dit te hard is op die perde. Maar kyk weer. Die hoogste uitval syfer is by die LIG GEWIGTE. Weet nie regtig hoekom nie. Indien mens verder navorsing doen mag dit dalk wees dat die betrokke groep ruiters makliker stop agv Riders Choice? Ek weet werklik nie. Dalk iets te doen met Ruiterskap..

Ek dink ons sal volgende jaar weer moet kyk en dalk is dit 'n uitdaging van die HW aan die LW.

Watch this space.

Die redes vir uitval bly hoofsaaklik mankhede met 64%.

Dit is weereens verblydend dat ons baie min metaboliese gevalle kry in die Weskaap. Wel gedaan aan al die ruiters.

Wat afstand betref is die 160km ruiters los voor met 38% gevolg deur 120km 22% en dan verbasend 30km met 21%. Die dagruiters doen besonders goed met slegs 5%.

### Vervoer van perde.

Die vervoer van perde oor lang afstande en deelname aan groter ritte bly 'n probleem. Heelwat van ons weskaap perde het metaboliese probleme ervaar te SAIC vanjaar en ons sal moontlik meer aandag en opleiding moet voorsien vir die probleem.

### Veeartse by ritte.

Oor die algemeen is daar genoeg veeartse beskikbaar vir ons ritte in die Weskaap. Die uitsondering was Elim waar daar rond en bond gebel was vir veeartse. Ons moet dalk probeer om nie ritte te reel in tye wat veeartse na kongresse gaan nie. Veral die EPG kongres waar baie perde veeartse betrokke is.

Op al die ritte in die Weskaap word veeartse met groot sorg en respek hanteer en ek het nog geen klagtes van veeartse ontvang dat daar nie goed na hulle omgesien word nie. Wel gedaan aan al die rit organiseerders in ons unie.

Die koste van veeartse het wel baie toegeneem met druk van die Nasionale Uithourit veearts groep. Die rede is doodeenvoudig dat veeartse hulle af naweke offer om die sport te dien. Meeste veeartse het hul eie klinieke en is op roep elke 2de of 3de naweek. Met 'n uithourit tussenin word die mense se af naweke min.

Dankie aan al die veeartse wat bereid was om hulle naweke op te offer om ons sport te ondersteun en moontlik te maak.

## **FS 2018**

Ons ruiters het uitstekend gevaar te FS 2018. Die perde was in goeie kondisie en die ruiters het hulle perde baie goed versorg. Dit is altyd merkwaardig om te sien hoeveel meer aandag ons ruiters aan hulle perde gee ivm ander spanne en ruiters. Dit is moeilik om vergaderings te reel want daar is altyd nog iemand wat sy perd moet versorg. Baie geluk aan almal wat deelgeneem het op FS en dankie vir die goeie gesindheid wat ek van al die ruiters ervaar het.

Dr. William van Zyl Bvsc

